**As julle My verbond nakom... (OP172)**

**Eks 19:1-18**

**28 April 2024**

Laasweek het ons besin oor die feit dat Moses en die volk tydens hulle tog vanaf die Rietsee tot by die berg Sinai 'n tipe was van Jesus en die gelowiges in die Nuwe Testament. Tydens die water-uit-die rots gebeure by Refidim het ons gesien dit beeld die gelowige uit wat in sy persoonlike stryd gewikkel is teen ongehoorsaamheid, en sy behoefte aan die Hoëpriesterlike werk van die Here Jesus wat in sy plek geslaan is vir die gelowige se ongehoorsaamheid. Tydens die oorlog teen die Amalekiete het ons gesien dit beeld die gelowige uit in sy stryd teen die duiwel en die wêreld, maar ook dat hy kan staat maak op die Koninklike heerskappy van die Here Jesus wat met alle mag aan die regterhand van die Vader sit vanwaar Hy hierdie stryd beheer. Tydens die besoek van Jetro het ons gesien dat die gelowige ook gewikkel is in stryd met medegelowiges soos wat hulle saam soek na die wil van die Here. Moses wat die wil van die Here vir hulle gesoek het, was 'n tipe van die Here Jesus wat as die Ware Profeet die wil van die Vader aan ons kom bekend maak het.

Vandag wil ek begin om te kyk na Eks 19. Ek wil vandag se oordenking beperk tot Eks 19:1-8. In verse 1-2 lees ons van die aankoms van die volk by die berg Sinai, en in verse 3-8 lees ons van Moses se eerste besoek aan die Here wat na die berg neergedaal het. Ons lees wat die Here vir Moses gesê het, en ook hoe die volk hierop gereageer het.

<u>Die aankoms van die volk Israel by die berg Sinai (Eks 19:1-2)</u>

Lees Eks 19:1-2. Ons lees dat die volk in die Sinaiwoestyn aangekom het, en dat hulle kamp opgeslaan het reg voor die berg. Ons weet natuurlik dat die berg die berg Sinai, oftewel Horeb, is. Ons lees die Israeliete het in die derde maand na die uittog uit Egipte daar aangekom – op dieselfde dag as die dag waarop hulle uit Egipte vertrek het – dit moes dus op die 14de dag van die maand wees, aangesien dit op die 14de dag was wat hulle die paasfees gevier het (Eks 12:6). Die tog vanaf Egipte verby die Rietsee, Mara, Elim, Sinwoestyn en Refidim tot by Sinai het dus 3 maande geduur.

Die volk sou 'n hele ruk by Sinai wees. In Num 10:11 lees ons hulle het eers weer op die 20ste dag van die tweede maand van die tweede jaar vanaf Sinai vertrek – hulle het dus ongeveer 'n jaar by Sinai gebly. Die res van die gebeure in Eksodus, die hele Levitikus, asook die eerste paar hoofstukke van Numeri speel dus af by Sinai. Ons kan dus aflei dat Sinai en die gebeure daar van besondere belang moet wees siende dat die volk soveel tyd daar spandeer het, en dat die Bybel soveel ruimte daaraan afstaan.

Wat die belangrikheid van die Sinaigebeure verder onderstreep, is wat die Here destyds in Eks 3:12 vir Moses gesê het. Dit was toe die Here Moses uit die brandende doringbos geroep het om die volk uit Egipte te gaan lei, en toe Moses beswaar gemaak het teen hierdie roeping van die Here. Onthou, daardie gebeure het ook by Sinai plaasgevind. Die Here het toe vir Moses gesê: "Ek is immers by jou. En dit sal vir jou die teken wees dat dit Ek is wat jou gestuur het: Wanneer jy die volk uit Egipte gelei het, sal julle God op hierdie berg dien." En nou is die volk by Sinai, soos wat die Here beloof het. Die Here het destyds gesê die feit dat die volk nou by Sinai was, sou bevestiging vir Moses wees dat hy wel deur die Here gestuur is om die volk uit Egipte te lei. Kom ons dink vir 'n oomblik hieroor:

Alhoewel ons nie met sekerheid kan sê presies waar Sinai geleë was nie, is die algemene siening dat Sinai iewers in die suide van die Sinai-skiereiland was. Daar is ander sienings dat dit dalk verder noord by Kades kon wees, of selfs oos van die golf van Aqaba – maar dit lyk nie of hierdie liggings strook met die pad wat later beskryf word toe die volk vanaf Sinai vertrek het na die beloofde land

nie. Indien hierdie ligging in die suide van die Sinai-skiereiland akkuraat is, kon Moses, en sekerlik die volk ook, begin wonder het wat soek hulle by Sinai drie maande na hulle uit Egipte weg is. Immers is hulle na drie maande se trek steeds niks nader aan die beloofde land nie. Moses kon egter vashou aan die teken van die Here waarvolgens die Here hom destyds al die versekering gegee het hulle sou hier by Sinai die Here kom dien. Moses kon dus oortuig wees hulle is op die regte pad, en oppad het hulle hier by Sinai 'n afspraak met die Here. Die Here het dus 'n spesifieke doel gehad met die volk se besoek aan Sinai – en ons weet hulle sou bykans 'n jaar daar deurbring. Wat ook al die doel was, dit moes belangrik wees, en dit sal vir ons goed wees om te streef om te verstaan wat hierdie doel was.

Moses se eerste besoek aan die Here op die berg Sinai (Eks 19:3-8)

Lees Eks 19:3. Ons lees dat Moses opgeklim het na God toe, na die Here toe wat neergedaal het na die berg. Hierdie is die eerste keer wat ons lees dat Moses die berg op is om die Here daar te ontmoet. Dit sal nog verskeie kere gebeur tydens die volk se verblyf by Sinai – in totaal sewe keer. Ons staan vandag net stil by die eerste keer.

Ons lees dat die Here Moses geroep het, en toe het die Here met Moses gepraat. En die doel was dat wat die Here vir Moses sê, hy aan die volk moet gaan sê. Dit herinner natuurlik aan die besoek van Jetro, toe Moses ook die wil van die Here moes soek, en dit aan die volk moes meedeel. Die Here verwag nou weer van Moses dat hy die Here se wil aan die volk moes oordra.

Steeds in vers 3, word die volk beskryf as die huis van Jakob, en ook as die Israeliete (OAV sê: die kinders van Israel). Sien ook vers 6 waar hulle ook as die Israeliete beskryf word. Die punt wat die Here hiermee wil maak, is dat die boodskap spesifiek bedoel is vir die Israeliete, die huis van Jakob, dit is daardie volk uit die nageslag van Abraham, daardie volk wat die Here tot stand gebring het in lyn met Sy beloftes aan Abraham, die verbondsvolk.

Lees Eks 19:4-6. In hierdie verse is die inhoud van die boodskap van die Here wat Hy tydens Moses se eerste uitklim teen die berg gegee het. Daar is drie maklik onderskeibare dele in die boodskap van die Here:

- Vers 4 beskryf wat die Here reeds gedoen het: wat Hy aan die Egiptenare gedoen het, en hoe Hy die volk op arendsvlerke na Hom gebring het, hier by Sinai.
- Vers 5a beskryf wat die Here nou van die volk verwag: hulle moet getrou luister na Sy stem, en Sy verbond nakom.
- Vers 5b-6a beskryf wat die Here verder beloof: die volk sal Sy persoonlike eiendom wees, hulle sal 'n koninkryk van priesters wees, en hulle sal 'n heilige nasie wees.

Hierdie is besonder betekenisvolle verse wat ons goed moet deurdink. Hulle is enersyds belangrik omdat die inhoud van elkeen van die drie dele (i.e. wat die Here reeds gedoen het, wat Hy nou verwag, en ook wat Hy verder beloof) belangrik is. Hulle is egter ook belangrik omdat ons kennis moet neem van die volgorde van hierdie drie dele. Kom ons kyk hierna in meer detail:

**Wat die Here reeds gedoen het (Eks 19:4):** Die eerste saak waarna die Here verwys in terme van dit wat Hy alreeds gedoen het, is dat die volk gesien het wat die Here aan die Egiptenare gedoen het. Ek glo dit is redelik voor die hand liggend: Alhoewel die Egiptenare die magtigste nasie was in die destydse wêreld, was die Here glad nie beperk of bedreig deur hulle mag nie. Die Here het eenvoudig die een plaag na die ander gestuur waardeur Hy Sy almag gedemonstreer het, totdat Hy met die tiende plaag hulle by die punt gebring het om die volk toe te laat om te trek. En daarna het die Here hulle verder oorheers toe die Egiptiese leër in die Rietsee verdrink het. En die volk het dit alles gesien.

Die tweede saak wat die Here uitlig wat Hy alreeds gedoen het, was om die volk op arendsvlerke na Homself toe te bring. Uit ons bestudering van Genesis en Eksodus oor die afgelope maande, het ons ‘n goeie idee wat dit ingehou het:

- In Gen 12:2 het die Here Abraham geroep, en beloof Hy sal hom ‘n groot nasie maak.
- In Gen 15:13-16 het die Here beloof dat hierdie nageslag van Abraham vreemdelinge sou wees in wat ons weet Egipte was, maar ook dat die Here hulle na vierhonderd jaar sou uitlei en na die beloofde land sou bring.
- In Gen 17:6-8 het die Here beloof Hy sal vir hierdie nageslag van Abraham ‘n God wees.
- In Eks 4:22-23 het die Here die volk Israel beskryf as Sy eersgebore seun – wat ons hieronder moet verstaan is nie dat hulle chronologies die Here se eerste seun was nie, maar dat hulle in terme van aansien of belangrikheid eerste was.
- In Eks 6:6 het die Here bevestig dat hulle Sy volk sal wees, en dat Hy julle God sal wees. Hulle sou dit weet wanneer hulle sou sien hoe die Here hulle uit Egipte lei.
- Wel, sedertdien het die Here hulle bewaar tydens die 10 plae wat in baie gevalle die Egiptenare selektief getref het, hulle het gesien hoe die Here hulle by die Rietsee bewaar het en hoe die Egiptenare verdrink het, hulle het gesien hoe die Here vir hulle soet water gegee het by Mara, manna en kwartels in die Sinwoestyn, water uit die rots by Refidim, hoe die Here vir hulle geveg het teen die Amalekiete, en hoe Hy sy wil deur Moses aan hulle gegee het.

Die volk is dus die volk wat deur die Here uitgekies is, hulle is Sy volk, hulle is Sy eersgebore seun, hulle is verlos uit Egipte – dit is wat hulle is, maar hulle is dit omdat die Here dit bewerk het, dit is Hy wat hulle op arendsvlerke gedra het tot hier by Hom by Sinai. Teen hierdie tyd weet ons natuurlik dat die volk ‘n Ou Testamentiese tipe van die gelowiges is: Soos wat die volk deur die Here gekies is, netso is ons as gelowiges deur die Here uitgekies (Ef 1:4), netsoos wat die Here die volk aangeneem het as Sy seun, netso sê Ef 1:5 die Here het ons voorbestem om ons as kinders aan te neem deur Jesus Christus, netsoos wat die Here die volk beskryf as Sy eersgebore Seun, beskryf Heb 12:23 ons as gelowiges as ‘n gemeente van eersgeborenes. Soos wat die volk reeds geglo het en gered is uit die slawehuis van Egipte, is ons as gelowiges ook reeds gered deur geloof en geregverdig.

Die belangrike punt om raak te sien, is dat al hierdie dinge alreeds waar was teen die tyd dat die volk by Sinai aangekom het. Netso, is al hierdie dinge nou alreeds waar vir gelowiges. Die Here het ons as gelowiges reeds op arendsvlerke na Hom gebring.

**Die verdere beloftes van die Here (Eks 19:5b-6a)**

Kom ons kyk na die verdere beloftes wat die Here gee wat bykomend is by wat die Here alreeds gedoen het. Ek slaan voorlopig vers 5a oor wat vir ons verduidelik wat die Here nou van die volk verwag het – ek sal terugkeer hierna na ons na die verdere beloftes van die Here gekyk het. Soos ons vroeër gesien het, het die Here nog 3 beloftes bygevoeg:

- Die eerste belofte wat die Here byvoeg, is dat die volk onder al die volke die Here se persoonlike eiendom sal wees (vers 5b). Ja, dit is so: die Here het hulle alreeds Sy volk gemaak, Hy het reeds onderneem om hulle God te wees – maar die Here het meer in gedagte: Hulle gaan nie net Sy volk wees nie, onder al die volke van die aarde gaan hulle Sy volk wees. Daar gaan nie nog so ‘n volk wees nie. Maar die Here het nog meer in gedagte: Die Here gaan hulle Sy persoonlike eiendom maak – die NIV sê die Here gaan hulle Sy “treasured possession” maak. Dink aan daardie besittings wat jy het wat vir jou baie kosbaar is: Op my lessenaar is ‘n prentjie uit my ouma se huis, asook my oorlede pa se polshorlosie,

ek gebruik foto's van my ma, ons troudag, ons kinders as boekmerke. Hoekom? Want hierdie goed is vir my kosbaar. Let op: die waarde lê nie in die geldwaarde van die items nie – dit lê in die herinneringe van kosbare liefdesbande, dit het sentimentele waarde. Hierdie is "treasured possessions". En dit is wat die Here beloof Hy die volk gaan maak – hulle gaan Sy "treasured possession" word. Hy gaan verder en sê hulle gaan Sy "treasured possession" word – selfs al behoort die hele aarde aan Hom. M.a.w. hulle gaan vir die Here die heel kosbaarste wees in die hele skepping. Geliefdes, dit is van gelowiges ook waar – In Titus 2:14 lees ons: "Hy wat Homself ter wille van ons gegee het, om los te koop van alle wetteloosheid, en om vir Hom <u>'n eie volk as eiendom te reinig</u>, wat ywerig is om goed te doen". Ja, die Here Jesus het ons reeds losgekoop van wetteloosheid – soos wat die volk uit Egipte verlos is, maar Hy wil meer doen: Hy wil die gelowiges as Sy eie volk, as eiendom reinig – sodat hulle Sy "treasured possession" sal wees – vir Hom die kosbaarste deel van Sy ganse skepping.

- Die tweede belofte wat die Here byvoeg is in vers 6a: Die volk sal boonop 'n koninkryk van priesters wees. Hierdie is 'n mondvol. Die Here beloof om die volk 'n koninkryk van priesters te maak. Die konsep van 'n koninkryk was sekerlik redelik goed bekend aan die volk – dit was redelik algemeen onder die volke rondom hulle – dink maar net aan die farao in Egipte. Maar selfs in die Pentateug is dit al duidelik dat die volk die Here gesien het as hulle Koning. In Deut 33:5 as Moses die volk seën kort voor sy dood, sê hy die Here het in Jesurun (i.e. Israel) koning geword toe die stamme van Israel bymekaar was. Die volk moes dus verstaan het dat die Here van hulle 'n koninkryk wil maak, en Hy is hulle koning. Laasweek het ons gesien dat Moses tydens die oorlog teen die Amalekiete 'n tipe was van die Here Jesus in Sy koninklike rol. Maar terselfdertyd moes die volk ook veg onder die leiding van Josua – Josua het dus ook 'n koninklike rol vervul – onder Moses. En die Here sê vir die volk hier by Sinai Hy gaan hulle 'n koninkryk maak, en Hy sal self die Opperkoning wees, maar hulle gaan in hierdie koninkryk ook onderkonings hê, en hulle gaan 'n heersersrol vervul.

  Maar die Here beloof meer: hulle gaan nie net 'n koninkryk wees nie, hulle gaan 'n koninkryk van priesters wees. Alhoewel die priesterdiens nog nie op hierdie stadium gevestig was nie, weet ons wat later wel die doel van die priesterdiens sou wees: dit is hulle wat die volk sou lei in die tabernakel en offerdiens. Dit is deur die priesterdiens dat die volk tot God kon nader – dit is die priesters wat die offers moes bring. Dit is deur die priesterdiens dat hulle die Here kon aanbid – dit is die priesters wat die volk moes lei in hulle samekomste.

  Sien jy raak hoekom die volgende twee verbonde in die Ou Testament, die Sinaiverbond en die Dawidverbond, juis fokus op die priesterdiens en die koningskap? Want die Here wil hierdie twee rolle verder in meer detail verduidelik – want die Here wil die volk 'n koninkryk van priesters maak!

  En dit is netso waar van gelowiges in die Nuwe Testament: 1 Pet 2:9 beskryf gelowiges ook juis as 'n koninklike priesterdom. Op 1:6 beskryf dat Jesus gelowiges 'n koninkryk van priesters gemaak het vir God Sy Vader. In Op 5:10 sing die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge: "U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak, en hulle sal as konings oor die aarde heers". Rom 12:2 roep gelowiges op om hulle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig en vir God aanneemlik is – dit is die gelowige se rol as priester om homself aan God te offer. Op 3:21 sê gelowiges wat oorwin sal saam met Jesus op Sy troon sit – hulle is duidelik konings. Op 20:6 sê hulle sal priesters van God en Christus wees en sal saam met Hom 'n duidend jaar regeer – hulle gaan priesters en konings wees.

Sien jy die punt: die Here wil nie net maar uit Egipte verlos nie, die Here wil nie net maar die gelowiges van sonde verlos nie – nee, Hy wil hulle 'n koninkryk van priesters maak.

- Die derde belofte wat die Here byvoeg is ook in vers 6a: Die volk sal boonop ook 'n heilige nasie wees. Hier is die klimaks: Nie net sal die volk/gelowiges die Here se kosbaarste eiendom in die ganse skepping wees nie, nie net sal hulle 'n koninkryk van priesters wees nie – hulle sal boonop 'n heilige nasie wees. Laat daar geen twyfel oor wees nie: die volk by Sinai was nie heilig nie – hulle mor by Moses oor kos en water, hulle het geskille onder mekaar soveel so dat Moses die heeldag as regter moes optree, en selfs ander bekwame manne moes aanstel om al die sake te hanteer. Al was hulle uitgekies, al was hulle die Here se volk, al was hulle uit Egipte verlos – hulle was nie heilig nie. Om heilig te wees, beteken om soos die Here te wees – want Hy is driemaal heilig. Maar die Here beloof hulle gaan heilig wees. Trouens die Here beloof hulle gaan almal heilig wees – hulle gaan 'n <u>heilige nasie</u> wees. En die Here beloof dieselfde aan gelowiges: Hulle gaan ook heilig wees. In 2 Pet 1:4 lees ons: "Hierdeur het Hy Sy kosbare en grootste beloftes reeds aan ons gegee, sodat julle deel kan kry aan die goddelike natuur, noudat julle ontvlug het aan die verdorwenheid wat deur begeerte in die wêreld is." Hoor jy? Die Here gee die belofte aan die wat die verdorwenheid ontvlug het, d.w.s. aan gelowiges, dat hulle deel kan kry aan die goddelike natuur – en God se natuur is by uitnemendheid dat Hy heilig is. In Ef 5:26-27 lees ons dat Jesus deur Sy werk die kerk in heerlikheid sal stel – sonder vlek of rimpel of enigiets dergeliks, heilig en sonder smet. Dit is wat die Here in Eks 19 in gedagte gehad het.

Sien jy die prentjie: Die uitverkore volk van God, die verbondsvolk uit Abraham, is reeds uit Egipte verlos deur die Here. Hulle kom by Sinai aan – weliswaar morrende en stryende. En dan roep die Here Moses teen die berg op, en Hy sê Hy wil hierdie volk Sy "treasured possession" maak, die kosbaarste in die skepping maak, Hy wil hulle 'n koninkryk van priesters maak, Hy wil hulle 'n heilige nasie maak.

**Wat die Here van die volk verwag (Eks 19:5a)**

Ek glo dit is duidelik daar is baie meer wat die Here vir Sy volk beplan. Die vraag is nou wat verwag die Here van die volk om al hierdie addisionele beloftes te laat realiseer. En die antwoord is in vers 5a: As julle getrou na My stem luister en My verbond nakom! Verloste volk van die Here: As julle na die Here luister en Sy verbond nakom, dan beloof Hy julle sal Sy kosbaarste besitting wees, julle sal 'n koninkryk van priesters wees, julle sal 'n heilige nasie wees! Die manier om dit alles te ontvang, is om te luister na wat die Here sê en om te gaan doen wat Hy sê.

Ons weet wat die Here op die punt was om te sê: hierna kondig die Here Sy wet aan – die tien gebooie, en ook verskeie ander wette, en ook die voorskrifte vir die tabernakel en die offerdiens. Die Here sê dus: Ek beloof julle sal my kosbaarste eiendom wees, 'n koninklike priesterdom wees, 'n heilige nasie wees – en die manier om dit te kry is deur te luister na en te doen wat Ek nou vir julle gaan sê. Onthou nou: die volk is reeds uitverkies, hulle het reeds geglo, hulle is reeds verlos – maar nou sê die Here: daar is nog meer, maar om dit te ontvang, moet julle na My luister en doen wat Ek sê. Wetsonderhouding is nie die manier waarop die volk verlos is nie – nee, hulle was klaar verlos teen die tyd dat hulle die wet ontvang het. Wetsonderhouding is wel die manier om die volle inhoud van wat die Here beplan vir sy volk, en vir die gelowiges, te ontvang. Motyer druk dit soos volg uit: Die Here het nie van hulle gehoorsaamheid verwag om deel te kan word van die verbond nie, maar siende dat hulle reeds deel van die verbond was, het Hy van hulle gehoorsaamheid verwag sodat hulle die voordele en voorregte as lede van die verbondsvolk kon geniet. Hy sê: Gehoorsaamheid bepaal nie ons verbondstatus nie, gehoorsaamheid bepaal wel ons verbondsgenieting.

Ek het grootgeword met die Heidelbergse Kategismus. In Sondag 32 word die vraag gevra hoekom ons goeie werke moet doen as ons tog uit genade deur Christus verlos word. En die antwoord is drieledig: (1) om ons dankbaarheid vir ons verlossing te toon, (2) sodat ons uit ons vrugte van gehoorsaamheid geloofsekerheid kan kry, en (3) sodat ons ook deur ons lewe ander vir Christus kan wen. En ek dink dit is goed. Maar ek dink daar is meer rede: Ons moet goeie werke doen sodat ons God se kosbaarste besitting kan word, sodat ons 'n koninkryk van priesters kan word, sodat ons 'n heilige nasie kan word! Miskien is dit iewers ingesluit in wat die Kategismus sê, maar ek dink ons moet dit aan die groot klok hang: Daar is meer aan die verlossing van die Here as net om ons te regverdig, om ons net te verlos uit die slawehuis van die sonde – hoe noodsaaklik en hoe wonderlik dit ook al mag wees. En natuurlik moet ons diep en opreg dankbaar wees daarvoor. En ons bewys ons dankbaarheid deur gehoorsaamheid aan die Here se voorskrifte. Maar noudat die Here dit gedoen het, nou het die Here nog groter planne – nou wil die Here hê ons moet groot gaan – now we go for gold! Ons kan Sy kosbaarste besitting word, ons kan 'n koninkryk van priesters word, ons kan heilig word! Na regverdigmaking volg tog heiligmaking wat eindig in heerlikmaking! En wat moet ons doen om dit alles te kry? Luister en doen wat die Here sê! Die punt wat ek probeer maak is: daar is meer rede om die voorskrifte van die Here te hou as om net dankbaar te wees vir wat ons alreeds ontvang het (al is dit opsig self 'n goeie rede) – daar is ryk beloftes van die Here gekoppel aan gehoorsaamheid aan Sy voorskrifte.

Ek weet nou kan ons allerlei besware opper: Wie kan werklik die wet van die Here hou? Selfs die mees toegewyde gelowige kan nie. Is dit nie 'n doodgebore doelwit nie? Geliefdes, onthou die Bybel eindig nie in Eks 19 nie! Nee, daar kom nog baie detail: Ja, die Here gaan Sy wet vir ons uitspel. Ja, die standaard is baie hoog, Ja, die Here verwag perfekte gehoorsaamheid. Maar die Here gaan ook die offerdiens instel, en die priesterdiens, en Hy gaan aan ons in detail verduidelik hoe Hy versoening gaan bewerk vir die kere wanneer ons faal. Hy gaan ons ook nog baie leer oor die rol van die koning. Ja, dit is so die volk het telkens gefaal, die konings het telkens gefaal, en die gedrag van die volk wys dit is nie maklik nie. Maar die Bybel eindig ook nie daar nie. Op die ou end kom die nuwe verbond. En Jesus is die ware Hoëpriester. En Jesus is die Opperkoning. En Hy lei die nuwe verbond in. En wat het die Here gesê van die nuwe verbond? "My Gees sal Ek in julle binneste gee. Ek sal daarvoor sorg dat julle my vaste voorskrifte volg, en dat julle My bepalings nakom en uitvoer" (Eseg 36:27). Hoor jy dit? Die Here sê Hy sal sorg dat ons Sy Vaste voorskrifte volg en Sy bepalings nakom en uit voer. Hy gaan dit deur Sy Gees doen. Ja, ek moet nie die werk van die Gees blus nie, ek moet saam met die Heilige Gees werk. Maar die Here gaan dit alles bewerk. Hy het 'n plan om ons by hierdie volle realisering van hierdie ryke beloftes uit te bring. Maar nou moet ons met opgewondenheid luister na wat die Here verwag, en ons inspan om dit te bereik, terwyl ons vas hou daaraan dat die Here ons sal help.

**Die reaksie van die volk (Eks 19:7-8)**

Lees Eks 19:7-8. Ons lees Moses het van die berg afgegaan na die volk toe, en hy het aan die volk al die woorde van die Here gaan oordra. Die respons van die volk was vir ons nogal verrassend: Ons lees die hele volk was eenparig in hulle antwoord. Ons ken die volk uit die Ou Testamentiese geskiedenis – hoe hulle dikwels hardkoppig was en ook verdeeld was (dink maar aan die verdeeldheid tussen die verspieders toe hulle later die land sou inneem). Maar nie nou nie – toe hulle hierdie boodskap hoor wat die Here deur Moses gestuur het, was die hele volk eenparig. En hulle antwoord was: "Alles wat die Here gesê het, sal ons doen."

Weereens kan ons die volk kritiseer: Hoe kan julle julle verbind om alles te doen wat die Here van julle gaan vra? Julle ken tog julleself – kyk net hoe het julle opgetree sedert die Rietsee tot hier.

Boonop, julle weet nog nie eens wat die Here van julle gaan vra nie, want Hy het nog nie Sy wette en voorskrifte volledig aan julle gegee nie. Hoe kan julle julle verbind om dit alles te doen?

Geliefdes, gestel jy was deel van die volk. Gestel jy het die 10 plae beleef en gesien hoe jy gespaar is in die plae. Gestel jy het die paaslam geëet en gesien hoe jy verlos is uit Egipte. Gestel jy het deur die Rietsee getrek op droë grond en gesien hoe die Egiptenare verdrink het. Gestel jy het geweet dat dit alles vervulling was van beloftes aan Abraham meer as 400 jaar vantevore. Gestel jy het die soet water by Mara gedrink. Gestel jy het elke dag van die manna geëet. Gestel jy het van die water uit die rots gedrink. Gestel jy het die oorwinning oor die Amalekiete beleef. Gestel jy het beleef hoe jou geskil met jou medevolksgenoot opgelos is na die Here se wil gesoek het. Gestel jy het verstaan dat al hierdie dinge bewerk is deur die Here wat in die wolk en vuurkolom elke dag teenwoordig tydens jou trek tot hier. En nou kom hierdie selfde Here en sê: Ek het nog groter planne: Julle kan my kosbaarste eiendom word, julle kan 'n koninkryk van priesters word waar Ek die Ware Hoëpriester en die Opperkoning is, julle kan selfs 'n heilige nasie word. Al wat julle moet doen, is: Luister na My en doen wat Ek sê. Het die Here Hom nie al oor en oor bewys as genadig nie? Het die Here Hom nie al oor en oor bewys as betroubaar nie? Het die Here nie al oor en oor bewys dat Hy die verlossing bewerk nie? Dink jy werklik jy kan nie nou die Here onvoorwaardelik op Sy woord neem nie? Dink jy werklik die Here sal nou iets van jou vra, sonder om dit ook op een of ander manier moontlik te maak om dit alles na te kom nie?

Boonop, onthou die groot prentjie: Reg van die skepping af was die doel van die Here dat die aarde gevul moet word met Sy heerlikheid. Nou bied Hy jou die geleentheid om Sy kosbaarste besitting te word in Sy skepping, Hy bied jou die geleentheid om heilig te wees soos wat Hy heilig is. Hy bied jou die geleentheid om 'n groot bydrae te maak dat die aarde gevul gaan word met Sy heerlikheid. Ek dink die reaksie van die volk was die logiese reaksie : "Alles wat die Here gesê het sal ons doen." En dit behoort ook elkeen van ons se reaksie te wees. Ons behoort met opgewondenheid ons in te span om te hoor wat die Here sê, en om dit te gaan doen. Mag ons met opgewonde afwagting ons saam met die Heilige Gees streef daarna om gehoorsaam te wees aan die voorskrifte en bepalings van die Here.